



Doppertjie

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Strand

No. 31/2019 08 September

Oggend

Sing:

- Lied 241:1,3
- SB 11-2:1,4

Votum

Seën

Lofsang: Psalm 147:1,2 (1936)

Lied 219:1,3

Geloofsbelydenis: 12 Artikels

God se wil: Deut 5

Sing: Lied 232:1,2

Gebed

Kleuterbediening

Skriflesing & prediking

Teks: Ef 6:10-18

Fokus: Ef 10:17-18

Gebed: SB 10-2

Offergawes

Sing: SB 14-1:1,2,3

Wegstuurseën

Aand

Sing:

- Lied 163:1
- SB 20-2:1,2,7

Votum

Seën

Lofsang: Psalm 110-3:1,2,3 (2012)

Gebed

Sing: Psalm 42:1,3 (2001)

Skriflesing & prediking

Teks: Psalm 46

Fokus: Psalm 46:11

Gebed

Offergawes

Sing: SB 11-1:1,8,11

Wegstuurseën

KERKINLIGTING

Predikant	Dinant Zwemstra	dinant@gkstrand.co.za	083 601 8986/021 853 0598
Kantoor	Hannelie Mostert	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Kantoorure	Maandag-Donderdag	08:00 – 13:00	
Webwerf	Kobus Buys/Chris Joubert	www.gkstrand.co.za	Wagwoord:GKStrand
Facebook	www.facebook.com/groups/strandgk	Eredienste op Internet:	
Eredienstye	09:00 (oggend-somer) 18:30 (aand) 09:30 (oggend-winter) 18:30 (aand)	http://kerkdienstgemist.nl	
Skriba	Retha Oostenbrink	admin@gkstrand.co.za	079 884 0908
Redakteur	Thys Ebersohn	doppertjie@gkstrand.co.za	081 784 1904
Diakonie	Herman Geyer	diakonie@gkstrand.co.za	074 279 1011

KERKRAAD AAN DIENS

Vandag

Ouderlinge

Jacob Oostenbrink, Pierre Human

Diakens

Lourens Erasmus, Tjaart Venter,
Conrad de Bruyn, Truus Oostenbrink

15 September

Ouderlinge

Gerrit Kruger, Friedl van der Merwe

Diakens

Herman Geyer, Tiaan Coetzee,
Anel van der Walt, Hennie Roos

VERWELKOMING

VANDAG:

Sarah Badenhorst, Louis van der
Vyver

15 September

Lisbé & Pieter Wever

OFFERGAWES

Vandag

Binne: Trans Oranje Instituut vir
Buitengewone Onderwys

Deure: Teologiese Studentekas

15 September

Binne: Barmhartigheidsdiens

Deure: Sending & Evangelisasie



Snap here to pay

 SnapScan

DAGBOEK

DINSDAG, 10 SEPTEMBER

19:00 Sending & Evangelisasie

WOENSDAG, 11 SEPTEMBER

09:00 Bybelstudie

19:00 Ouderlingevergadering
(Verslag)

DONDERDAG, 12 SEPTEMBER

09:00 Bybelstudie

SONDAG, 15 SEPTEMBER

09:00 Nagmaal

KOFFIE EN TEE

VANDAG:

Cornel Fourie, Ian Mostert, Mauritz
Swart, Willem Grönum, Natasha
Styger

15 September

Carel & Sanet Grönum, Christo &
Marlize Hamman, Hans & Hester
Handt, Diakonie helpers

Sien instruksies vir koffiefles
IN KOMBUIS VOOR DIENS

PREEKSKETS: OGGEND

Die Swaard vd Woord

Teks: Efesiërs 6:10-18

Fokus: Efesiërs 10:17-18

Paulus gebruik in Efesiërs 6 die beeld van 'n wapenrusting, want Christen wees beteken jy is in 'n oorlog. Trouens, elke mens is eintlik in die stryd van die lewe, maar 'n Christen se voordeel is dat die Here vir my en jou 'n wapenrusting gee. Ons kry dus toerusting, goddelike toerusting.

Ons het na elke deel gekyk. Byvoorbeeld die Borsharsnas van geregtigheid – dit is dat ons moet weet dat die kern van Christendom is nie dat ons 'n goeie lewe moet lei, en dit vir God moet aanbied nie, maar dat God se Seun 'n regverdige lewe gelei het, en dit vir ons gee. Deur ons geloof word sy geregtigheid dan ons geregtigheid, ons trek sy geregtigheid aan. Die bepalende faktor in jou verhouding met God is dus nie jou verlede nie, maar Christus se verlede. Miskien weet jy dit, maar die oomblik wat jy begin sê: "Ja, ek is werklik die Here s'n, ek is regtig aanvaar, so hoekom tree ek so en so op? Hoekom huil ek myself aan die slaap in die aande? Hoekom is ek so bekommerd oor alles dan?" is jy besig om die wapenrusting aan te trek.

So het ons gekyk na die gereedheid van (nie vir) die Evangelie van vrede, die skild, die hele wapenrusting. So gou as wat jy sê: "Ja, dit is so, waarom doen ek dan sus of so...?" trek jy dit aan. Baie van ons probleme het te doen met ons identiteit, ons sukkel om te besef en te leef wie ons in Christus is!

Vandag dan die laaste deel: "*vat die swaard van die Gees, dit is die Woord van God.*"

Die wapenrusting begin deur die gordel van waarheid, omgord jou lendene met die waarheid. Nou aan die einde, vat die swaard – dit is die Woord van God. Aan die begin en aan die einde word daar eintlik gepraat oor die Bybel. Anders gestel - die middel om prakties 'n oorwinningslewe, 'n kragtige geloofslewe te leef, lê in die Bybel. Om die Skrif te vat, te verwerk, na te dink, toe te pas, te analiseer, te worstel daarmee, om dit in te bid.

PREEKSKETS: AAND

Bedaar!

Teks: Psalm 46

Fokus: Psalm 46:11

Kom tot bedaring! Wees net rustig! Ontspan! Laat sak jou hande en laat los! Laat dit gaan!

Hierdie opdrag is een van die heel moeilikste dinge vir die mens om te doen. Dit roep om geloof en om aanvaarding. Dit roep om erkenning dat jyself nie in staat is om iets daaraan te doen nie. Dit vra selfbeheersing en dit vra selfopoffering.

Dit is 'n opdrag van die Here self.

Maar hoe kan ek dit doen? Hoe kan ek bedaar as dit lyk asof dinge net erger raak?
Hoe kan ek tot rus kom as kinders wegraak, vrouens seer kry en die N2 brand?

Hoe kan ek bedaar as diefstal en misdad en geweld hier in ons eie sakegebied en by ons huise toeneem?

Hoe kan ek ophou om bang te wees vir alles wat rondom my en met my gebeur?
Bang te wees vir die siekte rondom my, bang te wees vir die onheil van die donker?

Die Here gee in die Psalm vir ons duidelike opdragte. Bedaar! Word kalm! Soos 'n pa of ma met 'n kind sou praat wat paniekerig is. Jy hoef nie bang te wees nie.

Die opdrag word deur 'n tweede een gevolg en in 'n sin bepaal die tweede opdrag die eerste een: "Bedaar en erken dat ek God is:

Die eerste kan nie sonder die tweede nie...

VERJAARSDAE

Sondag, 08 September

Anika van Wyk
082 563 9348

Dinsdag, 10 September

Johan Jansen van Ryssen
082 774 8873

Mauritz Swart
081 322 1996

Donderdag, 12 September

Jana van Zyl
072 591 3051

Ida Born
076 163 4513

Vrydag, 13 September

George Thom
073 334 1253

Saterdag, 14 September

Esmaré van der Walt
082 575 2590

***Ons wens almal die seën
van die Here toe op die
nuwe lewensjaar.
Veels geluk!***

KLEUTERKERK

En God het vir Samuel gesê: "Dit is die man van wie Ek gepraat het! Dit is die man wat oor My volk sal regeer!" Kom leer vandag meer oor koning Saul se interessante lewe.

Groete,

Die Kinderkerk Tannies

Ns. Daar sal geen kleuterkerk wees aanstaande Sondag nie weens Nagmaal. Die volgende twee Sondae (22 en 29 September) is skoolvakansie en dus sal daar ook nie kleuterkerk op die Sondae wees nie.

LIEF EN LEED

Oom Gerard Ter Haar sukkel met sy gesondheid. Ons dra hom en Tannie Lea aan die Here op.

FEESTAFEL

Gister se Feesmark by NG Kerk Suiderstrand was 'n sukses.

Ek wil graag almal bedank wat bygedra het met die bak van koeke, terte kolwyntjies en dies meer asook almal wat ingespring het om te help met die verkope.

Baie dankie!

Tanya Zwemstra

SENIORS UITSTAPPIE : 19 SEPTEMBER

Hierdie is ons langer uitstappie van die jaar en ek vra dat julle die tyd in ag sal neem. Ons vertrek 09:30 op Donderdag, 19 September van die kerk af.

Ons ry dan na Glenelly in Idasvallei waar ons 'n wonderlike glas-uitstalling sal besigtig. Neem asseblief 'n klein donasie saam om in die houer te gooi. Dit gaan vir 'n baie goeie doel.

Daarna gaan ons na die pragtige Lanzerac Deli waar ons middagete gaan geniet.

Navrae: Gail Buys (082 782 4954)

KLASSIS BOLAND SITTING

Ons gemeente is vanjaar gasheer vir die Klassis Boland sitting.

Ons benodig slaapplek vir 4 ouderlinge wat die Klassis sal bywoon op 16 en 17 September.

Dit behels dan moontlik die volgende:

Slaapplek vir 2 nagte asook:

Aandete: 16 September

Ontbyt: 17 September

Die ideaal is dat twee persone gesamentlik geplaas word.

Kontak asseblief die kerkkantoor as jy hiermee kan help.

BOLANDKAMP : 6-10 DESEMBER

Die Boland seekamp...elke jaar, op (min of meer) dieselfde tyd en soms op dieselfde plek. Hierdie jaar is dit weer by Disakloof naby Bettysbaai.

Ons tema hierdie jaar is:

Wat is jou storie?

Nee regtig, wat is jou storie?

Jou storie is God se storie met jou!

Kom kamp saam, leer saam, bid saam – daar is 'n hele paar skitterende dinge wat voorlê – vriende, lofprysing, natuur, sand, see, golwe, ongelooflike lekker kos, bidbuddies, “fun and games” en so kan ons aangaan.

Wie: Alle Graad 8-12's

Wanneer en hoe laat? : 6-10 Desember. Ons begin 14:00 op 6 Desember en maak klaar om 12:00 op 10 Desember.

Waar: Disakloof – Bettysbaai



HUISBESOEKBRIEF

Wie en wat ons is...

Teks: 1 Petrus 2:1-10

Gedagte opbou 1 Petrus 2:1-10:

Vers 1: Oproep om elke vorm van kwaad af te lê.

Vers 2-3: Oproep om dan te smag na die suiwer geestelike melk van die Woord.

Vers 4-5: Deur na Jesus te kom, die lewende steen, word ons as geestelike huis opgebou.

Vers 6-8: Aanhalings uit die Ou Testament oor die lewende steen.

Vers 9-10: Wie en wat ons as gelowiges is en watter verantwoordelikheid dit vir ons meebring.

Agtergrond

Petrus skryf hierdie brief om Christene te bemoedig en om hulle aan te spoor om vas te staan in die geloof (5:12). Die eerste lesers van die brief is eenkant toe geskuif in die samelewing. Daar is teen hulle gediskrimineer oor hulle geloof.

Verklaring

In hoofstuk 1 roep Petrus die lesers op om heilig te lewe. Hulle moet hulle lewens nie inrig volgens die begeertes wat hulle vroeër gehad het nie. Hulle is gekoop deur die bloed van Jesus Christus en daarom moet hulle heilig wees in hulle hele lewenswandel. As jy God wil gehoorsaam in jou lewenswandel, hou jy op met elke vorm van kwaad, bedrog, huigelary en kwaadpraterij (1 Petrus 2:1).

Die voorreg van die Ou Testamentiese priesters om na God te gaan, om toegang tot God te hê, is nou die voorreg van elke gelowige. Die voorhangsel van die tempel het immers met Jesus se sterwe op die kruis, geskeur. 'n Priester is iemand wat self toegang tot God het en wie se taak dit is om ander na God te bring. Die Latynse woord vir priester is "pontifex" wat brugbouer beteken. 'n Priester is iemand wat brue vir ander bou om na God te kom.

Vervolg op volgende bladsy....

Julle is 'n koninklike priesterdom – weer die gedagte van priesters wat in vers 5 ter sprake was. Hier die gedagte van priesters wat die Koning dien; priesters wat in die Koning se paleis werk. Julle is 'n nasie wat vir God afgesonder is ('n heilige volk). Moenie besig wees met die werke van die duisternis nie. Julle het lig en is ook die lig vir die wêreld. Al hierdie wonderlike dinge wat van gelowiges gesê word, bring vir ons verantwoordelikheid mee. Ons moet die “verlossingsdade” verkondig van Hom wat ons gered het.

Ons moet ons daarin verdiep – soos pasgebore kindertjies moet ons smag na die Woord (1 Petrus 2:2). Die eerste lesers van hierdie brief moes weer hoor wie hulle is, wie en wat God hulle gemaak het. Hulle is vervolg en het swaargekry, omdat hulle in Jesus Christus geglo het. Die gevaar was daar dat hulle a.g.v. die druk sou swig en weer sou insmelt by die samelewing om die verdrukking vry te spring.

Uit die gedeelte kon hulle hoor dat dit ook die lot van hulle Here was – Hy is ook deur die mense afgekeur, maar God het Hom vir 'n ereplek uitverkies (1 Petrus 2:4). Hy is deur die bouers afgekeur, maar Hy het die belangrikste klip in die gebou geword (1 Petrus 2:7). Die gelowiges moet hulle nie blindstaar teen hulle vervolgers of teen hulle omstandighede nie. Hulle moet in gedagte hou wie en wat hulle is. As hulle dit in gedagte hou, sal hulle besef hoe bevoorreg hulle is om gelowiges te wees – hulle kan toegang tot God hê, hulle behoort aan God, hulle is geroep uit die duisternis, hulle moet die deugde, die verlossingsdade van God verkondig. Hulle is geroep om as heilige priesterdom geestelike offers te bring, hulle moet as lewende stene opgebou word en om dit te kon doen, moes hulle na die lewende steen, Jesus Christus kom.

Ds. Dinant Zwemstra



Ons wil ons geloof prakties uitleef deur na God se skepping om te sien. Kom sit 'n handjie by om rommel – veral plastiek- op die strand op te tel. Die vroue van GK Strand nooi almal om die oggend saam met ons te kom geniet. Klein en groot, jonk en oud.... almal is welkom!

Waar: Ons ontmoet mekaar 09H00 by die ingang van die Put-Put baan by die Strand, dan gaan ons vir so 'n uurtjie rommel optel en daarna heerlijk saam koffie drink. So, bring asb 'n geldjie saam.

Bring Saam: Eko-vriendelike Sonskerm, 'n hoed, water (in 'n herbruikbare waterbottel), handskoene (die herbruikbare tipe vir skottelgoed was of tuinwerk, 'n houer vir rommel en geld vir koffie.

Vir enige verdere inligting skakel gerus vir Karen Versteegh – 082 767 6833

DIE TUINIER SE GEREEDSKAP

(Tong-in-die-kies)

Ons het die volgende skrywe van tannie Rina van Heyningen ontvang en plaas dit graag.

Netjies staan en lê alles

Elkeen blink geskuur deur die daarmee verrigte werk.

Die graaf - vierkantig en stewig. Daar is 'n grote en 'n kleiner een. Daarmee word gespit en geskep en sorgvuldig randjies afgesteek.

"Tog so square" sê die een spitvurk vir die ander.

"Gmmff – jy het ook maar bra baie leemtes" is die graaf sy mening. "Die hark lyk ook maar bra oppervlakkig om nie van die rubberhark se slap tande te praat nie" voeg hy sommer by.

"Los my uit." antwoord die hark. "Buitendien.. lyk julle tande vir my maar bra yl en julle stele 'n bietjie kort" mompel die hark verder en dink – vir wat maak hulle so 'n "issue" van die saak. Hoekom moet alles so diep omgedolwe word?

"Julle is in elk geval almal te groot en te lomp "gee die handvurkie sy bydrae. "Fyn hantering en versigtige persoonlike kontak is die eintlike ding " Die handgrafie knik bevestigend met 'n ronde soet glimlaggie terwyl hy oor sy lyfie vryf.

Die snoeiskêr maak keelskoon en maan ernstig " Ja a a, maar dan is julle nog maar net by die grond. Kyk net hoeveel wilde lote loop alweer uit. Daaraan doen julle niks" En hy pers sy lippe stywer opmekaar.

"Met die ouhout en dik takke sukkel jy ook maar en dan moet ek ingryp om julle halwe werk en foute reg te maak "grynsbrom die saag met al sy tande.

"En ek moet ook gedurig regmaak waar julle nalaat of droogmaak." sug die skoffelpikkie moeg, "kyk hoe staan die onkruid daar!"

"Nouja toe, ek sal maar liever niks sê nie " konstateer die pik afgemete terwyl hy vir die byl kyk maar die kyk sommer weg.

"En sonder die water wat ek en jy bring sal al hulle belangrike take ook maar nie veel beteken nie." gaap die tuinslang luiweg teenoor die gieter wat die een nies na die ander gee, seker om die kunsmis uit sy neus te kry

Ja a a, ons mensies. Ons denominasies. So oordeel ons.

MAAR die Tuinier? Hoe sien Hy dit?

In Sy hand almal effektief, elkeen vir die deel van die tuinwerk waarvoor hy dit bedoel het.

Soli Deo Gloria.

ONDERSTEUN ONS LIDMATE!

**Gekwalifiseerde versorger beskikbaar
Maandae tot Vrydae
08:00 - 16:00
Sandra
079 885 4623**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Ek maak gordyne,
romeinse blindings en
kwilts. Skakel Antonia
Cloete by
073 006 0640**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Grafiese ontwerper
doen logos, brosjures,
besigheids- en produk-
indentiteit en nog
meer. Skakel Ian by
084 720 9528**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Kiaat, Rooshout en
Zimbabwe Teak vir
meubels asook
vloerplanke.
Kontak Thys
081 784 1904**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Avroy Shlain
Skoonheidsprodukte
Sanet Grönüm
082 381 8854**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Ek verskaf, en is 'n
invoerder van
mediese toerusting
en gebruiksitens.
Kontak Erica
Versteegh by 021
856 3714 of
erica@erimed.co.za**

**Vir Aluminiumgeute
en afvoerpype
skakel vir
Hugh of Hermie
Michler
083 300 8999**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Kontak Miriam Barnard
vir natuurlike
gesondheids-produkte,
Sportron Ascendis en
handgemaakte
produkte bv.
tafelmatjies,
inkopiesakke ens.
083 744 6886
❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Vir beter kennis oor
grondgeskiktheid en
doeltreffende
besproeiing in jou tuin,
kontak gerus vir Giel
Streuderst MSc.
(Agric.) by 082 388
0064.****

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Kom leer om jou eie
Tiffany lampe te maak
asook vensters en
deure!
Kontak Jetty Salomons
op 082 320 6577 of
021 856 0736.**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖
**Stringligte te huur,
skakel
Karen 0827676833**

**Kontak gerus vir Hermie
as jy 'n ou teddiebeer
wil laat regdokter
083 300 8999**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

**Oppas van huis en
diere. Doen dagbesoeke of
inslaapdiens. Johanna en
Anton
082 482 6777 /
0218533745**

**Vir alle verfwerk in en om
die huis, skakel Jan van
der Waals
072 424 4653**

**Vir enige elektriese
herstelwerk of installasies,
kontak Mossie Mostert
072 910 8244**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

**Kontak Gerrit Earle vir
enige staal- en sweiswerk
en die oprig van Wendy-
huise. Hy kan ook klein
vragte vervoer.
Kontak Gerrit by
073 654 4345**

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

**Vermynkelgebruik
plastiek items. Kontak
my vir Eko-vriendelike
produkte: Herbruikbare
Katoen Groentesakkies
en Inkopiesakke, asook
Bamboes Tandeborsels
en Bamboes Strooitjies
ens. Karen Versteegh
0827676833 of besoek
<https://hug-tree.co.za/>**